Dinsdag 20 Oktober
Skrifgedeelte: Jesaja 54
Fokusgedeelte: Jesaja 54:10

## Christus is die waarborg van God se trou

Wat doen 'n mens wanneer dinge wat jy as vas en seker beskou het, begin wankel? Wanneer jou gesondheid skielik verswak, jou werk onseker raak, verhoudings verbrokkel, of selfs jou geloofslewe droog voel? Jesaja 54:10 bring vir ons 'n trooswoord: Selfs al val die berge, sal God se goedertierenheid nie van ons wyk nie.

Hierdie vers kom nie uit 'n vakuum nie. Dit volg direk op Jesaja 53, die groot hoofstuk oor die lydende Kneg – Christus, wat die straf vir ons sonde op Hom geneem het. Dít is die basis van God se belofte in Jesaja 54. Omdat Jesus versoening gebring het, kan God nou sê: "My vredesverbond wankel nie." Die evangelie is dus nie net 'n boodskap van vergifnis nie, maar van se onwankelbare liefde.

Die term "goedertierenheid" (Hebreeus: *chesed*) verwys na God se verbondsliefde – 'n troue, standvastige liefde wat nie afhanklik is van ons verdienste nie. Daarom is die "vredesverbond" 'n formele, ewige verbintenis wat God met sy volk aangaan, gesmee in die bloed van Christus. Dit is nie net poëtiese taal nie; dit is werklikheid, bevestig in die kruis.

Hierdie verbond bring troos aan dié wat wankel, wat skuld dra, wat voel dat hulle God teleurgestel het. Die volk van Jesaja se tyd het ballingskap verdien, maar God gee sy goedertierenheid en ontferming. Dit geld steeds vir elke gelowige vandag.

Wanneer alles rondom jou onseker is, bly een ding staan: God se troue liefde. En dit is Hy self wat dit sê: "jou Ontfermer." Daarom kan jy rus, selfs tussen wankelende heuwels. Want Christus is die waarborg van God se trou.

*Sing: Psalm 36-1:2*

*Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)*